24.10 RAPPORT 6: KURATORE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM – WYSIGING VAN SENAAT SE EVALUERING VAN PERSONE WAT AANSOEK DOEN OM BEROEPBAAR GESTEL TE WORD IN GKSA VOLGENS KO, ARTIKEL 9 (Art 91)

24.10 REPORT 6: CURATORS THEOLOGICAL SCHOOL POTCHEFSTROOM – AMENDMENT OF FORMAT OF SENATE'S EVALUATION OF APPLICANTS FOR CALLING IN THE GKSA, IN ACCORDANCE TO CO, ARTICLE 9 (Art 91)

A. Dr DG Breed stel die Rapport.
Dr DG Breed tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. **RAPPORT / REPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem Hierdie Rapport moet saam met RAPPORT 4: WYSIGING VAN PROSEDURE VIR DIE HANTERING VAN ARTIKEL 9 KO-AANSOEKE behandel word. Verwys na Prospektus van die Teologiese Skool Potchefstroom van die GKSA, hersiene uitgawe 2014, Bylae C: *Formaat van Senaat se evaluering van persone wat aansoek doen om beroepbaar gestel te word in GKSA volgens KO, art 9 (Acta 2012:500, 24.12).* Twee punte wat bygevoeg is by die formaat wat in 2012 voorgehou is: 4.2.2 en 4.2.3 (**vet gedruk**) word aan die Algemene Sinode voorgehou vir kennisname: ***Formaat van evaluering deur die Senaat van persone wat aansoek doen om beroepbaar gestel te word in die GKSA volgens KO, art 9*** *'n Persoon wat kragtens KO, art 9 wil aansoek doen om as predikant in die GKSA beroepbaar gestel te word, moet kragtens Sinodebesluit (Acta 2012:500, 24.12) 'n evalueringsproses by die TSP ondergaan op grond waarvan die Kuratore aan die persoon 'n Kandidaatsertifikaat kan toeken waarmee hy dan by 'n meerdere vergadering kan aanmeld. Vir die evalueringsproses by die TSP word die volgende prosedure gevolg:* *1. Aansoekers rig hulle aansoek om evaluering vir 'n Kandidaatsertifikaat aan die Registrateur van die TSP. By ont-*	**1. Matters that the Synod take note of** This Report must be read in conjunction with REPORT 4: AMENDMENT OF THE PROCEDURE FOR ARTICLE 9 CO APPLICATIONS. Refer to the Prospectus of the Theological School Potchefstroom of the GKSA, revised edition 2014, Appendix C: *Format of Senate's evaluation of applicants for calling in the GKSA, in accordance to CO, art 9 (Acta 2012:500, 24.12).* Two items are added to the format proposed in 2012: 4.2.2 and 4.2.3 (**bold**) and presented to the General Synod for information: ***Format of evaluation by the Senate of applicants for calling in the GKSA, in accordance to CO, art 9*** *Any person applying for calling as minister in the GKSA, in accordance to CO, art 9, must undergo an evaluation process stipulated by Synod decision (Acta 2012:500, 24.12) at the TSP, based on which the Curators may award such applicant a Candidate Certificate with which he reports to a major assembly. The following procedure applies at the TSP:* *1. Applicants address their application, for evaluation to obtain a Candidate Certificate, to the Registrar of the TSP.*

vangs van so 'n aansoek:	*Upon receipt of such application:*
1.1 vra die Registrateur soveel moontlik inligting en stawende dokumentasie wat op die ondersoek betrekking mag hê, by die aansoeker aan.	*1.1 the Registrar requests all information and substantiating documentation relevant to the evaluation from the applicant; and*
1.2 tref die Registrateur met die aansoeker 'n reëling om op 'n geskikte tyd vir twee dae na Potchefstroom te kom, om (1) op die eerste dag van die besoek die nodige psigometriese toetse by die NWU af te lê; (2) en op die tweede dag die Dagbestuur van die Kuratore en 'n paneel van die Senaat te ontmoet.	*1.2 the Registrar arranges for a convenient date for the applicant to come to Potchefstroom to (1) complete the necessary psychometric tests at the NWU on the first day; (2) and, on the second day, to meet with the Executive Committee of the Curators and Senate panel.*
2. By die ontmoeting met die Kuratore-Dagbestuur word die volgende hanteer:	*2. During the meeting with the Executive Committee of the Curators, the following occurs:*
2.1 Die Dagbestuur besluit of met die proses van ondersoek voortgegaan kan word, op grond van die volgende: *(1) die aansoeker se aansoek en dokumentasie;* *(2) die uitslag van die psigometriese toetse;* *(3) 'n indringende gesprek met die aansoeker oor sy roeping, regsinnigheid, motivering vir sy aansoek, leer en lewe, ens.*	*2.1 The Executive Committee of the Curators decides whether the evaluation process can continue, in reference to:* *(1) the applicant's application and documentation;* *(2) the results of the psychometric tests; and* *(3) an in-depth interview with the applicant over his calling, orthodoxy, motivation for the application, doctrine, life, etc.*
2.2 Indien die Kuratore Dagbestuur oordeel dat die ondersoekproses kan voortgaan, verwys hulle die persoon vir evaluering na die Senaat.	*2.2 Should the Executive Committee of the Curators deem it suitable for the process to continue, the applicant is referred to the Senate for evaluation.*
3. Indien die Kuratore Dagbestuur die saak na die Senaat verwys, ontmoet die aansoeker 'n paneel van die Senaat (dit kan aanvanklik die UK van die Senaat wees) by wie hy inligtingsvrae oor sy opleiding en die omvang van sy kennis beantwoord. Met die oog op hierdie ontmoeting gee die Registrateur al die tersaaklike dokumentasie en inligting vooraf aan die lede van hierdie paneel deur. Die ontmoeting is nie 'n finale evaluering nie, maar slegs 'n geleentheid waarby die paneel aan die hand van voorafbepaalde vrae wat elke vakgroep voorsien, vooraf vasstel of daar leemtes in die persoon se opleiding en/of kundigheid bestaan. Die paneel lig die aansoeker ook in oor hoe die ondersoekproses deur die Senaat verder sal verloop.	*3. Should the Executive Committee of the Curators refer the application to the Senate, the applicant meets with a panel of the Senate (it could initially be the Executive Committee of the Senate) to provide information on his training and his scope of knowledge. In view of this meeting, the Registrar provides all members of the panel with the relevant documentation and information in advance. The meeting is not the final evaluation, but only an opportunity for the panel to identify beforehand any shortcomings in the applicant's training and/or knowledge from the pre-set questions of each subject group. The panel also informs the applicant on the Senate's evaluation to follow.*
3.1 Die Senaatspaneel lig elke betrokke vakprofessor in oor die uitslag van die inligtingsgesprek, waarna die Registrateur in samewerking met elke profes-	*3.1 The Senate panel informs every relevant subject professor of the results of the information-gathering interview, upon which the Registrar arranges the*

sor individueel reëlings tref met die persoon ten opsigte van verdere evaluering van die aansoeker se kennis. *Dit kan verskeie vorms aanneem:* *(1) Die vakprofessor kan op grond van die inligtingsgesprek oordeel dat die aansoeker se kennis op peil behoort te wees, waarop hy reël dat die aansoeker vir 'n finale evalueringsgeleentheid by hom sal aanmeld.* *(2) Die vakprofessor kan op grond van die inligtingsgesprek oordeel dat die aansoeker met die oog op sy finale evaluering eers verdere leeswerk moet doen. In so 'n geval sien die vakprofessor toe dat die aansoeker die nodige literatuurlys (of die literatuur self) ontvang.* *(3) Die vakprofessor kan op grond van die inligtingsgesprek oordeel dat die aansoeker voor sy finale evaluering eers een of meer gesprekke (tentamens) met hom moet ondergaan.* *(4) Afhangend van die persoon se omstandighede kan een of meer aspekte van bogenoemde evaluering telefonies of via Skype of ander elektroniese metodes geskied. Met die oog hierop voorsien die Registrateur aan die aansoeker die nodige kontakbesonderhede van elke vakgroep. Die inisiatief om die proses van evaluering te voltooi, lê by die aansoeker.*	*individual evaluations between each professor and the applicant.* *This could take various forms:* *(1) The subject professor may deem, based on the information-gathering interview, the applicant's knowledge most probably sufficient and arrange for a final evaluation with the applicant.* *(2) The subject professor may find, based on the information-gathering interview, it necessary for the applicant to first do further reading prior to the final evaluation and provides the applicant with the a list of the relevant literature (or the literature itself).* *(3) The subject professor may consider it necessary, based on the information-gathering interview, for the applicant to first have one or more discussions (tentamens) with him prior to the final evaluation.* *(4) Depending on the applicant's circumstances, one or more of the components of the evaluation can be conducted telephonically or via Skype or another electronic medium. In this regard, the Registrar provides the relevant contact details of each subject group to the applicant. The initiative for completing the evaluation process lies with the applicant.*
4. Die Registrateur wat as koördineerder van die evalueringsproses optree, ontvang aan die einde daarvan van elke vakgroep Rapport aan die UK Senaat oor die uitslag van die evaluering.	*4. Each subject group submits a report on the results of the evaluation to the Registrar, as coordinator of the evaluation process, for submission to the Executive Committee of the Senate.*
4.1 Indien een of meer vakgroepe tydens die evaluering oordeel dat die persoon glad nie oor die nodige akademiese kennis beskik nie en dat hy eerder die module(s) van die vak moet voltooi, moet die persoon by die NWU vir die modules registreer en dit by die Teologiese Skool kom voltooi. In so 'n geval kan die persoon aansoek doen om kragtens KO, art 4 as Kandidaatstudent toegelaat te word.	*4.1 Should one or more subject groups find during the evaluation that the applicant does not possess the necessary academic knowledge and should first complete the module(s) of the subject, the applicant is to register at the NWU for the modules and complete same at the Theological School. In such a case, the applicant may apply for admission as Candidate Student, as per CO, art 4.*
4.2 Indien al die vakgroepe positief	*4.2 Should all subject groups offer approval,*

rapporteer, lê die Registrateur 'n samevattende Rapport aan die UK Senaat voor.	*the Registrar submits a summary report to the Executive Committee of the Senate.*
4.2.1 Indien die UK Senaat op grond van die samevattende Rapport bevind dat die aansoeker se kennis bevredigend is, gee die Registrateur aan die aansoeker preektekste (soos voorsien deur die professore in Ou Testament, Nuwe Testament en Dogmatiek) waaruit hy drie kies en die skriftelike preke vir beoordeling aan die Senaat voorlê.	*4.2.1 Should the EC Senate find the applicant's knowledge satisfactory, based on the summary report, the Registrar provides the applicant with sermon texts (as prescribed by the professors of the Old Testament, New Testament and Dogmatism) from which he selects three for submitting written sermons to the Senate for evaluation.*
4.2.2 Indien die Senaat oordeel dat die preke nie slaag nie, moet die aansoeker daardie modules wat die kennis bevat wat ten grondslag van die leemtes in die preke lê, bemeester tot bevrediging van die module-eienaar. Ná suksesvolle afhandeling hiervan kan die persoon nuwe preke indien.	***4.2.2 Should the Senate deem the sermons unsuccessful, the applicant must master the modules related to the knowledge deemed to be insufficient in the sermons to the satisfaction of the module facilitator. Upon its successful completion, the applicant may submit new sermons.***
4.2.3 Indien die aansoeker die nuut-ingediende preke nie slaag nie, rapporteer die Senaat dienooreen-komstig aan die Kuratore vir verdere hantering en besluit-neming deur die Kuratore.	***4.2.3 Should the applicant fail the subsequent sermons, the Senate reports same to the Curators for further review and resolution.***
4.2.4 Indien die Senaat oordeel dat al die preke slaag, word die finale Rapport van die Senaat oor die akademiese evaluering en preke aan die Kuratore voorgehou.	*4.2.4 Should the Senate approve all the sermons, the final Report of the Senate on the academic evaluation and sermons is presented to the Curators.*
5. Indien die Kuratore die Senaatsrapport in terme van 4.2.4 aanvaar, gee die Registrateur aan die persoon weer nuwe tekste vir preke (soos in 4.2.1 hierbo) waaruit hy drie skriftelike preke vir eksaminering deur die Kuratore moet inhandig. Indien die preke slaag, word die aansoek soos volg afgehandel:	*5. Should the Curators accept the Senate's report, in terms of 4.2.4, the Registrar provides the applicant with further texts for sermons (as in 4.2.1 above) from which he is to submit three written sermons to the Curators. If the sermons succeed, the application is finalised as follows:*
5.1 Die aansoeker meld vir 'n pastorale gesprek by die Kuratore aan.	*5.1 The applicant reports for a pastoral interview with the Curators.*
5.2 Die aansoeker kry geleentheid om een van sy eksamenpreke voor die Kuratore te preek.	*5.2 The applicant receives the opportunity to preach one of these sermons to the Curators.*
5.3 Indien die hele proses tot bevrediging van die Kuratore verloop het, kan hulle 'n Kandidaatsertifikaat aan die aansoeker toeken, waarmee hy dan by 'n meerdere vergadering kan aanmeld vir eksaminering om beroepbaar gestel te word in die GKSA.	*5.3 Upon the satisfactory completion of the process, the Curators may award the applicant a Candidate Certificate for reporting to a major assembly for examination for calling in the GKSA.*

Die lys van vrae vir aanvanklike evaluering en die lys van standaard voorgeskrewe studiewerk word as Bylae tot hierdie formaat gehou. Die Bylae word van tyd tot tyd hersien. **Besluit: Punte 1.1 tot 5.3 kennis geneem.**	*Please find attached the list of questions for initial evaluation and the list of standard prescribed literature presented for this format. The Appendices are revised from time to time.* **Decision: Points 1.1 to 5.3 noted.**